# 14 Desember 2021 - Lesing 9 - **Die verskuilde “donkie/esel” simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord**

Die verhaal van die Boek van Herinnering en die Gelofte (**Vervolg**): Op `n mooi oggend in Mei 2002, presies 100 dae nadat ons op die terrein gekamp het, word ons gekonfronteer deur die plaaslike balju, met `n hooggeregshof bevel, om ons summier, sonder verweer, van die terrein af te sit. Die Bloedrivier stigting het hierdie bevel op `n bedrieglike wyse bekom, deur die Hooggeregshof voor te lieg dat die Dogter van Sion in openbare belang en om veiligheidsredes wat in landsbelang was, van die terrein verwyder moes word. Ons het geen kans tot verweer gehad nie, en moes noodgedwonge die terrein verlaat.

Hulle het verder `n beslagleggingsbevel gehad op roerende eiendom op die terrein, wat ingesluit het verskeie voertuie, karavane en `n bus. Ook is ek en twee ander lede lewenslank van die terrein geskors. `n Kopie van uittreksels van hierdie bevel is ingesluit in hierdie dokument. Die redes in die hofbevel wat uitgestaan het, is die geweldige negatiwiteit jeens die Boek van Herinnering, die “Apartheidsbybel” soos hulle hom genoem het, en ook die Hebreeuse Naam JaHWeH van ons Vader wat op die Vierkleurvlag aangebring was, wat geweldig aanstoot gegee het. Die besluit deur die Bloedrivier-stigting om ons van die terrein te verwyder, is eenparig geneem en onder die voorsitterskap van Genl. Gert Opperman en ander prominente Afrikaners, waaronder Betsie Verwoerd, oorlye vrou van die Orania stigter Carl Boshoff, is voortgegaan met die afsetting.

Hier moet dit ook genoem word, dat daar vele leuens verkondig was gedurende die naloop van hierdie episode, want alles rondom die uitsetting was uitgesaai op nasionale TV. Daar is beweer dat ek, namens Dogter van Sion, sou gesê het dat indien hulle ons sou afsit, ons die afsetting met geweld sou teenstaan; dat ek sou gesê het dat die bloed sal loop as ons afgesit sou word. Dit is `n infame leuen, en enigiemand met gesonde verstand sou nooit so `n belaglike en uittartende stelling gemaak het nie, want dit sou op selfmoord neergekom het. Wat wel voorheen deur my gesê was, en dit is op rekord, dat by `n vorige geleentheid, toe berig was dat Steve Hofmeyer en Koos Kombuis `n konsert op die terrein sou aanbied, wat later as leuens bewys was, was dat ek gesê het die bloed sal loop as hulle dit sou waag, bedoelende dat die Boerevolk soos een man teen so `n beoogde ontheiliging van hul terrein sou optree.

Van die volk se kant af het ons het nie een sent ontvang om die hofbevel teen te staan nie, so min was die volk gepla oor ons afsetting en ons drie se lewenslange verbanning van die terrein.

Hoe dit ookal sy, ons is van die Bloedrivier terrein na Pretoria, voorheen genoem Filadelfia, waar ons onderneem het om ons gebedsdienste, waar ons intree by ons Skepper vir ons volk, elke dag sou voortsit en daarna is oggenddienste om 6h30 te Kameeldrif 225 gehou waar elkeen innig gebid het vir sy volk. Dit is nou 5 jaar later en waar ons begin het met `n enkele paar mense, is ons nou sowat 60 wat elke oggend bymekaar kom om te bid vir ons volk. Hierdie dienste is ononderbroke voortgesit vanaf Mei 2002 tot vandag (September 2007) toe die stuk geskryf is. Nou is dit 19,5 jaar later waar ons elke dag ononderbroke vir ons Boerevolk ingetree het vanaf Filadelfia Ark se grondgebied.





8. Versoeningsbrug tussen Bloedrivier laer en Ncome. Die brug is in 2014 geopen deur Jacob Zuma as simbool , die brug verbind die Zoeloes en die Afrikaners. Die brug het egter brug van verwydering geword toe Bloedrivier se kant hekke aangebring het op die brug. Die rede daarvoor is dat Ncome ten volle gesubsidieer en onderhou word deur die regering en Bloedrivier moet in stand gehou word deur toegangsgeld en donasies. Interessant 16.12.2018 is besoekers vanaf Bloedrivier se kant toegang geweier tot Ncome. Die Ncome museum verteenwoordig die Zoeloekant en artefakte van die Zoeloekultuur word hier uitgestal. Interessante versameling assegaaie en skilde. Geboue is in ń horing vorm opgerig,

verteenwoordig die destydse tipiese beeshoring aanvalstaktiek van die Zoeloes. Hierdie museum is opgerig deur die regering teen ń koste van minstens 65mljoen rand en word ten volle gesubsidieer uit staatsgeld. **Hier word ook ń heel ander weergawe van die gebeure van 16.12.1838 aangebied.**





*1n Mooi blik op die walaer*



***AANHANGSEL A**: Uittreksels uit `n Hooggeregshofaansoek deur die Bloedrivierstigting, waardeur lede van die Dogter van Sion vir ewig van die Bloedrivier-terrein verbied is.*

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(NATALSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak No [illegible]/2002

In die aansoek tussen:

DIE STIGTING VIR DIE BLOEDRIVIERGELOFTETERREIN BEPERK APPLIKANT

en

| | |
|---|---|
| MENEER D.W. VAN VUUREN | EERSTE RESPONDENT |
| MENEER DAWIE PRETORIUS | TWEEDE RESPONDENT |
| MENEER J STEYN | DERDE RESPONDENT |
| MENEER D.B. OLIVIER | VIERDE RESPONDENT |

EEDVERKLARING

12. Ten einde hierdie Agbare Hof in staat te stel om hierdie aansoek in behoorlik perspektief te beoordeel, plaas ek die volgende agtergrondfeite op rekord, naamlik:

(a) Uit geskrifte en optredes van nie net die Respondente nie maar ook van ander lede van die organisasie wat bekend staan as die Dogter van Sion, blyk dit duidelik dat die lede van hierdie betrokke organisasie radikale uitsprake maak ten aansien van godsdiensbeoefening, politieke sienswyses en dat hulle fanaties is ten opsigte van die uitoefening van sodanige sienswyses.

Daar word ook op stategiese plekke vlae van die organisasie tentoongestel en in besonder word die banier en vlae van die betrokke organisasie aangebring in die nabye omgewing van die bronswa-laer;

Die baniere bevat onder andere die slagspreuk : "Apartheid is heilig";

Die ou Vierkleur van die Transvaalse Republiek met die woorde "Jahweh" in Hebreeus daarop aangebring word vertoon. In die jaar 2001 het die organisasie reg langs elke wa van die bronswa-laer 'n vlag ingeslaan van die betrokke organisasie. Dit was in stryd met 'n onderneming wat die organisasie gegee het dat hulle nie sodanig sal optree nie.

(a) die Respondente wat almal duidelik lede van die organisasie die Dogter van Sion is se doelstellings is duidelik naamlik dat hulle fanaties is om die Gelofteterrein die eiendom van die Eiser te bekom en dat dit duidelik beoog om te probeer om regte te vestig uit hoofde van die feit dat hulle aldaar woonagtig is sedert Desember 2001;

(b) dit is baie duidelik dat die Respondente en ander lede van die Dogter van Sion duistere motiewe het deur die terrein te okkupeer en dat verdere verblyf op daardie terrein uiters nadelige gevolge inhou vir die Applikant veral indien dit die terrein wil oormaak aan 'n ander instansie;



Die Redakteur, 19 Desember 2000.
Beeld.

**Lasterlike uitlatings teenoor die boek, "Die Apartheid van JaHWeH, 'n Boek van Herinnering".**

In die Beeld van 16 Desember 2000 word daar berig dat Prof. Fika van Rensburg die vertaling, ***"Die Apartheid van JaHWeH, 'n Boek van Herinnering"*** beskou as "*geestelike pornografie*". Omdat hierdie Professor as taalkundige gesaghebbende, gemoeid was met die 1983–Afrikaanse Bybelvertaling, is dit dus logies om aan te neem dat hy presies weet wat die begrip "*geestelike pornografie*", behels.

Vir diegene wat nie weet wat die begrip beteken nie, verklaar die HAT Verklarende Woordeboek as volg: "*geestelike*" beteken "*betreffende die gees van die mens*", terwyl "*pornografie*" beteken "*uitbeelding in skrif of film van die seksuele op obsene wyse, uitsluitlik met die doel om te prikkel*". Kan dit werklikwaar wees dat hierdie hooggeleerde vertalingsdeskundige se gees seksueel geprikkel word deur 'n boek wat slegs geskryf was om:

1. Die onveranderbare en onvertaalbare Naam van ons Hemelse Vader in ere te herstel.
2. Sekere swak vertaalde begrippe te herstel sodat daar nou meer duidelikheid heers oor begrippe soos apartheid, rassuiwerheid en verbastering.
3. Addisionele boekrolle wat voorheen deel gevorm het van die vroeëre Bybels, terug te plaas.

'n Mens is stomgeslaan by die aanhoor van sulke taalkundige snert en dít komende van 'n mede-vertaler van die 1983-Afrikaanse Bybel. Die Professor gaan verder voort en verklaar dat die Ou Afrikaanse Bybelvertaling van 1933/1953 in 'n taal geskryf is wat nie regtig as Afrikaans beskryf kan word nie. Wat 'n totale belaglikheid! Elke Afrikaner wat met hierdie 1933/1953 Bybel grootgeword het die afgelope sewe-en-sestig jaar, sal dink dat die Professor van sy sinne beroof is.

Ons sal graag wil verneem hoe die Professor sal voel as iemand sy naam, Fika van Rensburg, in Engels sal vertaal na "Fake wân Rensburk" inaggenome dat die woord "*fake*" beteken "*vervals, oneg en bedrieglik*". Ons glo hy sal die horries kry!

Maar Professor, waarom het u en u vertalingspan die onveranderbare, onvertaalbare en onvervalsbare Naam van God, naamlik JaHWeH, vervals en Hom die Naam "*Here*" gegee in u 1983-vertaling? Die naam "*Here*", is dan geskryf op derduisende manstoilette se deure! Is dit nie gruwelik nie! Verder verklaar u eie NG-Kerk se Bybel-ensiklopedie dan dat die naam "*Here*", "*Baäl*" beteken. U was dus in u 1983-Vertaling die Baälgod terwille gewees en het daardeur die jaloerse God van Israel van **Exodus 20** verloën.

Met taalkundige Professors wat sulke banale snert kwytraak soos Prof Fika van Rensburg, sal ons, die Boerevolk, onsself eerder laat lei deur 'n vertaling gedoen deur ware kinders van God wat in hul erns van hul geloof vir Hom, 'n aanbieding gebring het, naamlik "Die Apartheid van JaHWeH, 'n Boek van Herinnering".

Dirk van Vuuren, Woordvoerder vir die Dogter van Sion.



# Wit Wolf se nuwe apartheidsbybel 'geestelike porno'

Die veroordeelde moordenaar Barend Strydom is lid van 'n groep wat beplan om 'n "apartheidsbybel" môre op Versoeningsdag bekend te stel.

"Die apartheid wat met die vertaling verwyder is, is teruggesit," het Strydom, die sogenaamde Wit Wolf, gesê op pad na Bloedrivier in die noorde van KwaZulu-Natal, waar die "bybel" bekend gestel gaan word.

Maar prof. Fika Jansen van Rensburg, wat gewerk het aan die 1983-vertaling van die Bybel, sê die groep se plan is soos "geestelike pornografie".

Strydom het sewe swart mense doodgeskiet en 16 gewond op Strijdomplein in Pretoria se middestad in 1988. Hy het die doodstraf gekry weens dié moorde, asook 'n moord wat hy 'n week vantevore gepleeg het. Hy is egter ná minder as vier jaar in die tronk vrygelaat nadat die eertydse Nasionale Party en die ANC onderhandel het.

Strydom het gister gesê hy dink die "mark is gereed" vir die "apartheidsbybel". Volgens hom is duisende kopieë reeds gedruk.

Hy sê die idee het sy ontstaan gehad by 'n geestelike groep, die Dogters van Sion, waarvan hy 'n lid is.

'n Groep mense het glo jare lank aan die oorvertalery gewerk "uit die oorspronklike tale". Gevra of hy weet wat dié tale is, het hy geantwoord: "Ja en nee". Rekenaartegnologie het glo 'n groot rol gespeel.

Die "apartheid" wat uit die 1983-vertaling verwyder is, is weer in dié weergawe vervat, het Strydom gesê.

Op die vraag oor hoe die "apartheidsbybel" van die ander verskil, het hy geantwoord: "Gewone mense sal die verskil kan sien".

Volgens hom het die woord "heilig" nooit in die oorspronklike tale verskyn nie en gevolglik kom dit ook nie in sy groep se "bybel" voor nie.

Natuurlik het dit nie – toe die Bybel geskryf is, het Afrikaans nie bestaan nie, sê Van Rensburg. Maar in die oorspronklike Hebreeus en Latyn was daar talle woorde wat as "heilig" vertaal kon word.

Van Rensburg sê die eerste Afrikaanse Bybel, die 1933/1953-weergawe, was geskryf in 'n taal wat nie regtig as Afrikaans bestempel kan word nie. "Dit was moontlik dat mense – doelbewus – iets daarin kon 'lees' omdat die Afrikaans nie duidelik genoeg was nie.

"Die jonger vertaling (1983) gebruik regte Afrikaans . . . mense kan nie sommer uit die weergawe lees wat hulle wil nie."

Strydom sê die "bybel" sal by Bloedrivier, sowat 40 km van Dundee, bekend gestel word. – **Sapa**



**Die middel van die laer, waar die Dogter van Sion vir drie agtereenvolgende jaar die aanbieding aan JaHWeH gebring het.**